higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOEREKONOMIE
NKR VLAK 3

(11020293)

10 Desember 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 6 bladsye.

534Q1N2010

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Een van die algemeenste redes vir staatsingryping en -regulering in die vervoersektor is waarskynlik die (maksimering/minimering) van maatskaplike welvaart. B

1.1.2 Nasionale openbare entiteite kan enige (agentskap/kabinet) insluit.

1.1.3 Dit is duidelik dat verskillende soorte (stelselmisbruik/ vervoermisbruik) tot vervoerverwante oortredings en ernstige misdrywe kan lei en dit kan fasiliteer.

1.1.4 Een van die doelwitte van AARTO is om ’n (wet/prosedure) vir die effektiewe en vinnige beregting van oortredings te vestig.

1.1.5 Minibustaxi’s ry dikwels teen ’n spoed wat (laer/hoër) is as die spoedgrens om reistyd te verkort ten einde meer vragte te verseker. B

(5 × 1) (5)

1.2 Kies ’n woord uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	... vervoer is ’n vervoerdiens wat nie vir gebruik deur die algemene publiek beskikbaar is nie.	A	nasionale
		B	inligting
1.2.2	Die oorkoepelende rol van die SABLO (‘SACAA’) is om hoë vlakke van veiligheid in die hele ... lugvaartbedryf te bevorder, reguleer en ondersteun.	C	private B
		D	SAMSA
1.2.3	Een van die verantwoordelikhede van SVR (‘RSR’) is om ... rakende veilige spoorwegbedrywighede in te samel en te versprei.	E	burgerlike
		F	agentskap
1.2.4	... is ook verantwoordelik vir die bestuur van die sentrum vir skepe en bote. B		
1.2.5	SANRAL se oorkoepelende rol is om SA se ... padnetwerk, insluitend tol- en nietolpaaie, te ontwerp, bou, bestuur en onderhou.		

(5 × 1) (5)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 Die doel van geïntegreerde vervoerbeplanning is om huidige en toekomstige toegangsbehoeftes van vervoergebruikers te identifiseer.

1.3.2 Die hooffunksie van die Departement van Vervoer ('DoT') is om veilige, effektiewe, doelmatige en volledig geïntegreerde vervoerbedrywighede te voorsien.

1.3.3 Seerowery is 'n spesifieke misdryf kragtens gewoontereg.

1.3.4 Terroriste tree dikwels gewelddadig op om die aandag van die publiek, die regering en die wêreld op hul saak te vestig.

1.3.5 Die volle betekenis van POF is Padongelukkefondament.

1.3.6 Lugvervoer is die goedkoopste vorm van passasiersvervoer.

1.3.7 Die Lughawemaatskappy van Suid-Afrika (ACSA) hanteer ongeveer 98% van die land se kommersiële lugvervoer.

1.3.8 Gautrain, Afrika se enigste hoëspoedtrein, word ook deur die Lughawemaatskappy van Suid-Afrika (ACSA) bedryf.

1.3.9 SAMSA dra ook by tot vaardigheidsontwikkeling, werkskepping en publieke bewusmaking.

1.3.10 Die Oorgrens Padvervoeragentskap ('CBRTA') speel 'n belangrike rol in die bevordering van ekonomiese ontwikkeling in die SAOG-streek.

(10 × 1) (10)

1.4 Verduidelik die volgende terme:

1.4.1 Vervoerverwante oortreding

1.4.2 Smokkelary van goedere

1.4.3 Openbare vervoer

1.4.4 Dispuut

1.4.5 Appèl

(5 × 2) (10)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.

> Ons het in Suid-Afrika gesien hoe die voorsiening van vervoerinfrastruktuur en -dienste ontwikkelingsgeleenthede in gemeenskappe geskep het. Daar is egter nie 'n lineêre verhouding tussen die voorsiening van vervoer en ontwikkeling nie. Die omvang van en tipe ontwikkeling hang grootliks af van die gehalte van vervoerbeplanning wat voor implementering plaasgevind het en die doeltreffende uitoefening van die riglyne en beginsels van geïntegreerde vervoerplanne.

Beskryf VYF aspekte van vervoerbeplanning en beleidsontwikkeling in die vervoerbedryf. (10)

2.2 Beskryf VIER stadiums wat in die ontwikkeling van vervoerwetgewing gebruik word. (4 × 2) (8)

2.3

SOMALI-SEEROWERS 'EIS LOSPRYS' VIR GEKAAPTE OLIETENKWA



Gewapende Somali-seerowers eis 'n ongespesifiseerde losprys vir die vrylating van 'n olietenkwa wat Maandag langs die kus van die Horing van Afrika gekaap is, volgens die Europese Unie se Vlootmag (EU NAVFOR).
Vermeende seerowers het die Aris 13-skip, 'n tenkwa van die Comores, Maandag gekaap.
Die skip se bevelvoerder het 'n noodsein (Mayday) uitgestuur en gesê dat die vaartuig deur twee bootjies agtervolg word, voordat die skip se kommunikasie afgesny is. Daarna is die skip se roete verander na Somalië se noordelike kus, digby die semi-outonome staat Puntland.

[Bron: *www.pinterest.com.*]

2.3.1 Identifiseer VYF tipes kaping. (5)

2.3.2 Beskryf DRIE tipes kaping wat in VRAAG 2.3.1 genoem word. (3 × 2) (6)

[29]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Noem DRIE kritieke beleide van die Departement van Vervoer. (3 × 1) (3)

3.1.2 Beskryf DRIE uitdagings en bedreigings vir padveiligheid waaraan die staat aandag moes gee toe hulle met die Taxiherkapitaliseringsprogram (THP) (Arrive Alive) begin het. (3 × 2) (6)

3.1.3 Verduidelik DRIE strategiese doelwitte van die POVS ('RABS') volgens die beleidsdokument. (6)

3.2 3.2.1 Beskryf die verskil tussen vrag- en passasiersvervoermarkte. (4)

3.2.2 Noem EEN modus wat in VRAAG 3.2.1 genoem is vir elke beskrywing. (2 × 1) (2)

[21]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Verduidelik die term *staatsagentskap*. (2)

4.1.2 Beskryf VIER modelle wat die Departement kan verken om befondsing van agentskappe te bekom om hul verantwoordelikhede na te kom. (4 × 2) (8)

4.2 Verduidelik VYF algemene doelstellings van die Witskrif oor Nasionale Vervoerbeleid. (5 × 2) (10)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 70
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou